# DIE NUUTSTE TWEEPOTONTTREKKINGS

**Tshwane, 19 November 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) werk graag die totale syfers by vir belastingaanwysings wat ten opsigte van die tweepotstelsel se spaargeldonttrekkingsvoordeel ontvang is. Sedert die inwerkingstelling daarvan het SARS 'n ongekende en stelselmatige toename in belastingaanwysingaansoeke waargeneem wat waarskynlik die ekonomiese uitdagings weerspieël wat huishoudings in die gesig staar.

Tot en met 18 November 2024 is 2 153 942 aansoeke vir aanwysings ontvang en 'n totaal van 1 914 306 aanwysings uitgereik, 'n totale bruto waarde van R35 052 572 876.62.

Die verskil tussen aanwysingaansoeke en aanwysings wat uitgereik is, is as volg bereken:

- 169 509 aansoeke is vir verskeie redes afgekeur - van stelselonderbrekings aan die fondsbestuursentiteite se kant tot verkeerde identifikasienommers, verkeerde belastingnommers, ens.
- 41 523 aanwysings is as gevolg van onvoldoende fondse, verkeerde kodes, ens. afgekeur.
- 28 525 aanwysings is gekanselleer deur belastingpligtiges wat van plan verander het.

Ingevolge SARS se oogmerk vir belastingpligtiges om digitale kanale te gebruik, is SARS bly om aan te kondig dat die gesimuleerde Whatsapp-sakrekenaar 53 693 keer sedert die inwerkingstelling van die proses gebruik is. Die gesimuleerde sakrekenaar op die SARS-webtuiste, wat deel van die SARS-aanlynnavraagstelsel uitmaak, is 850 375 keer gebruik. SARS het ook 102 839 navrae deur die stemkanaal en 17 627 by takke ontvang. Die USSD-kanaal het 'n verdere 66 048 navrae ontvang.

SARS bly toegewyd ingevolge die beginsels en waardes wat in ons strategiese oogmerke vergestalt is, wat behels om belastingpligtiges met helderheid en sekerheid oor hulle belastingsake te voorsien en om dit maklik en vaartbelyn vir hulle te maak om hulle belastingverpligtinge na te kom. Belastingpligtiges word in hierdie verband aangemoedig om aan te hou met die gebruik van ons digitale kanale wat eenvoudig, maklik en gebruikersvriendelik is. Die gebruik van hierdie kanale beteken dat belastingpligtiges nie hulle huise of werksplekke hoef te verlaat om in onwaardige toue te staan nie.

Die werk wat sover deur SARS bereik is, is grootliks te danke aan goeie samewerking met uittreefondsbestuursentiteite. SARS wil graag hierdie entiteite, wat 'n kritiese rol in die belastingekosisteem speel, bedank vir hulle professionaliteit wat SARS in staat gestel het om hulle deel te doen deur doeltreffend en spoedig die vereiste belastingaanwysings uit te reik.

Kommissaris Edward Kieswetter het belastingpligtiges vermaan om enige aksies te vermy wat misdryf kan verteenwoordig en het die belangrikheid van die gebruik van korrekte identiteits- en belastingnommers met die aansoek vir hierdie voordeel beklemtoon. SARS moedig vrywillige nakoming aan en bied in hierdie verband 'n wye reeks kommunikasie-opsies op die SARS-webtuiste om hierdie doelwit te bereik.

Vir meer inligting, kontak SARS asseblief by SARSMedia@sars.gov.za.

.